# Lewensvaardighede Graad 2

**By:**
Siyavula Uploaders

# Lewensvaardighede Graad 2

**By:**
Siyavula Uploaders

**Online:**
< http://cnx.org/content/col11104/1.1/ >

**C O N N E X I O N S**

**Rice University, Houston, Texas**

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/).
Collection structure revised: September 21, 2009
PDF generated: February 6, 2011
For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 87.

# Table of Contents

**1 Kwartaal 1**
- **1.1** MY FAMILIE ... 2
- **1.2** ONS TAKE BY DIE HUIS ... 9

**2 Kwartaal 2**
- **2.1** VRIENDSKAP ... 18
- **2.2** GESONDE EETGEWOONTES ... 27
- **2.3** OORLEWING ... 35
- **2.4** VEILIGHEID ... 38
- **2.5** DIE PARK ... 42

**3 Kwartaal 3**
- **3.1** ZERO BESOEK SUID-AFRIKA ... 50
- **3.2** SUID-AFRIKA SE SIMBOLE ... 58
- **3.3** ZERO ONTDEK ... 62

**4 Kwartaal 4**
- **4.1** WOUDE ... 66
- **4.2** HERWINNING ... 70
- **4.3** SADE ... 75
- **4.4** OPPAD SKOOLTOE ... 78
- **4.5** WATER ... 84

**Attributions** ... 87

# Chapter 1

# Kwartaal 1

## 1.1 MY FAMILIE[1]

### 1.1.1 LEWENSVAARDIGHEDE


### 1.1.2 Graad 2

### 1.1.3 MY ROL IN DIE GESIN

### 1.1.4 Module 1

### 1.1.5 MY FAMILIE

---



### 1.1.6 My onderhoud met

### 1.1.7 Teken of soek ‘n foto van jou Ouma of Oupa.

| Vraag 1: | Antwoorde |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| Vraag 2: | |
| | |
| | |
| | |
| Vraag 3: | |
| | |
| | |
| | |

**Figure 1.2**

Teken enige oudhede in Ouma se tyd.

- Teken die voorwerp soos dit vandag lyk.
- Kyk of jy al die verskille kan sien.
- Herkenning van my gevoelens

Soms kry ons verantwoordelikhede. Hoe voel jy oor sommige van die dinge wat jy moet doen? As jy weet hoe jy daaroor voel, kan dit jou help om te weet hoe jy moet optree.

- Lees nou hieronder en besluit hou jy voel oor elk van die situasies wat voorgestel word.
- Maak ‘n kruisie in die vakkie wat jou gevoelens die beste beskryf.

| Taak | Hoe voel ek? | | |
|---|---|---|---|
| Ek moet myself soggens aantrek en self my bed opmaak. | Ek geniet dit om so verant-woordelik te wees. | Ek is kwaad, want dit neem baie tyd. | Ek voel sleg, want ek kan nie die bed opmaak nie. |
| My ma dink ek moet meer in die huis help. | Ek is bly ek kan haar help. | Ek wil liewers TV kyk. | Ek wil help, maar sy vra my om werk te doen wat te moeilik is. |
| Ek moet my klein boetie / sussie oppas. | Ek speel graag met hom / haar. | Ek is bang hy / sy kry seer en dan is ek in die moeilikheid. | Ek wil liewers met my maats speel. |

**Figure 1.3**

#### 1.1.7.1 Herkenning van my gevoelens

- Klasbespreking

Bespreek hoe ‘n mens op negatiewe gevoelens kan reageer, bv. sleg voel as jy nie die bed kan opmaak nie. Die klas moet ‘n oplossing vind, bv. ma moet hom leer om ‘n bed op te maak.

#### 1.1.7.2 Gesinsrol

**Groep werk:** Jou onderwyser sal julle verdeel in groepe bestaande uit ‘n pa, ma, broer en suster.

1. Wat is julle gesin se probleem?

1. Watter rol gaan jy speel?

3. Verbeel jou hoe jy oor die probleem sal voel. Kies 'n woord wat die beste sal beskryf hoe jy voel.

- Onthou die volgende terwyl jy dink wat jy gaan sê:

| Ek moet | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| sê wat ek dink die probleem is | | | | |
| sê hoe ek oor die probleem voel | | | | |
| 'n plan voorstel om die probleem op te los | | | | |

**Figure 1.4**

- As jy tevrede is met jou werk, gee jouself 'n 5.
- As jy dink jy kon beter gedoen het, gee jouself 'n 3.
- As jy dink jy behoort baie beter te doen, gee jouself 'n 1.
- Dink nou hoe jy met jou groep saamgewerk het en ken aan jouself punte toe.

| Het ek goed met my groep saamgewerk? | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Ek het my beurt afgewag | | | | |
| Ek het na die ander geluister | | | | |
| Ek het by die tydsbeperking gehou | | | | |

**Figure 1.5**




**Figure 1.6**

Ons gesin bied vir ons ‘n veilige omgewing vanwaar ons die wêreld om ons en ook ons verhouding met ander mense kan ontdek.

- Jy onthou mos dinge wat in julle gesin gebeur het. Wat sal jy in die volgende gevalle doen?
- Skryf dit neer.

1. Juffrou sê jy moet jou kryte met ander kinders deel.
2. Mamma is laat wanneer sy jou moet kom haal.
3. Jou maatjie is snaaks met jou.
4. Jy kan nie swem nie, maar wil nie hê ander moet dit weet nie.
5. Jy sien hoe iemand jou maatjie afknou.
6. Jy word nie gekies om saam met jou maats in die span te wees nie.

Maak vir iemand in jou ‘n gesin ‘n spesiale kaartjie. Versier die kaartjie en skryf vir hom of haar ‘n mooi boodskap daarin.

Doen dit so:

- vou ‘n A-4 bladsy in die helfte;
- versier die voorkant met vere, krale of sade. (Kyk wat jy uit jou omgewing kan versamel);
- skryf nou ‘n boodskap in die binnekant van jou kaartjie.
- Teken en skryf eers in die raampies voordat jy jou kaartjie maak.

- So gaan my kaartjie lyk:

---





**Figure 1.7**

---

- Het jy dalk iemand in jou gesin se hart vandag baie bly gemaak? _______

### 1.1.8 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERING |
| LU 3 |
| **PERSOONLIKE ONTWIKKELING**:Die leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik ten einde effektief te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.3 gevoelens in verskillende situasies kan toon en bespreek;3.4 gepaste gedrag in konfliksituasies toon;3.5gepaste gedrag in die klas, sowel as groepwerk-vaardighede toon. |
| GESKIEDENISLU 3 |
| HISTORIESE INTERPRETASIEDie leerder kan aspekte van geskiedenis interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 ‘n storie oor mense en gebeure van die verlede kan oorvertel;3.2 voorwerpe uit die verlede kan kies, beskryf en bespreek. |
| KUNS EN KULTUURLU 3 |
| DEELNAME EN SAMEWERKINGDie leerder kan persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname in Kuns en Kultuuraktiwiteite demonstreer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.2 works with a partner in role play and switches roles in a teacher irected dramatic play;3.3 uses events from own life as a basis for dramatic play. |
| TEGNOLOGIELU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.3 (**ontwerp**) - gepaste materiaal of stowwe kies om produkte te maak en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om ‘n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig. |

**Table 1.1**

### 1.1.9 Memorandum

Laat die leerders hulle antwoorde vergelyk. Vergelyk individuele en kulturele verskille. Help hulle om verskille raak te sien in huishoudings met dieselfde kultuur, asook in huishoudings met verskillende kulture.

Verdeel die klas in “gesinsgroepe” en gee elke groep ‘n probleem. Twee groepe kan selfs dieselfde probleem kry. Laat hulle deur middel van rolspel die probleem soos ‘n gesin aanpak. Elke leerder moet ongeveer drie sinne sê. Hulle moet in gedagte hou hoe mense gevoel het oor die werk wat hulle moes doen. Hulle moet sê wat die probleem is, oplossings aan die hand doen en die beste een kies. Hulle moet sê waarom dit die beste oplossing is en moet onthou om ander se gevoelens in ag te neem.

**Goeie wenk**: Die groepe kan dalk raserig raak terwyl hulle hulle rolspel voorberei. Hulle kan beheer word deur elke groeplid ‘n gesinsrol te gee. Ma kan byvoorbeeld die groep stil hou, terwyl Pa seker maak dat elkeen ‘n beurt kry om te praat. Dogter maak aantekeninge en Seun het beheer oor die “knoop”. (Gee elke groep ‘n groot knoop of iets dergeliks. Seun gee die knoop aan ‘n lid om te praat. ‘n Groeplid mag net praat as hy / sy die knoop het).

Die groepe rolspeel die oplossing van hulle probleem. Bespreek en vergelyk die oplossings. Is dit werklik oplossings? Het iemand anders nou ekstra werk om te doen? Miskien was Henrico bang vir die hond. Sy vrees sal nie verdwyn as hy sy werk op sy suster afdwing nie en buitendien is sy dalk ook nie lus om dit te doen nie. Herhaal die aktiwiteit, maar gee die groepe nou nuwe probleme.

# 1.2 ONS TAKE BY DIE HUIS[2]

## 1.2.1 LEWENSVAARDIGHEDE

## 1.2.2 Graad 2

## 1.2.3 MY ROL IN DIE GESIN

## 1.2.4 Module 1

## 1.2.5 ONS TAKE BY DIE HUIS

### 1.2.5.1 Die gesin



**Figure 1.8**

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27826/1.1/>.

### 1.2.6 Vrae om te bespreek:

- Wat merk jy in hierdie prent op?
- Lyk jou gesin so?
- Is dit verkeerd?
- Hoekom?

#### 1.2.6.1 Hoe woon 'n gesin saam?

Dink aan jou eie gesin en beantwoord die volgende vrae.

1. Watter werk doen jou pa in die huis?
2. Wat doen jou ma?
3. Wat doen jy?
4. Wat doen jou broers en susters?

| My werkies vir die week: | | (Prente) |
|---|---|---|
| Maandag: ............................................<br>.................................................................. | | |
| Dinsdag: ...............................................<br>.................................................................. | | |
| Woensdag: ..........................................<br>.................................................................. | | |

**Figure 1.9**




**Figure 1.10**

**Sondag:** Uiteindelik 'n ruskansie! Wat doen julle gesin op Sondae?

- Teken 'n prent om te wys wat julle gesin op Sondae doen.

Pas die maats bymekaar. Kyk mooi. Wie dink jy behoort die werk te doen? Verbind die prentjies. Kleur dit netjies in.




**Figure 1.11**

#### 1.2.6.2

Terwyl jy met jou pligte besig was, was jou gesinslede ook besig met hulle s'n. Dink jy hulle hou almal van hulle werk?

- Vra vir hulle die volgende vrae om uit te vind hoe hulle voel oor die werk wat hulle tuis moet doen.
- Die tabel sal jou help om die antwoorde neer te skryf en dit met mekaar te vergelyk.

| Vrae | Antwoorde | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Pa | Ma | Broer | Suster |
| Watter werk doen jy graag? | | | | |
| Van watter werk hou jy niks nie? | | | | |
| Het jy te veel werk by die huis? | | | | |
| Moet iemand jou help? Wie? | | | | |

**Figure 1.12**

- Teken nou jouself waar jy die werk doen waarvan jy niks hou nie. Hoe voel jy?
- Teken jouself waar jy 'n werk doen waarvan jy die meeste hou. Hoe voel jy?




**Figure 1.13**

### 1.2.7 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERING |
| LU 2 |
| SOSIALE ONTWIKKELING:Die leerder sal in staat wees om 'n begrip van en verbintenis tot konstitusionele regte en verantwoordelikhede te demonstreer, en om 'n begrip van uiteenlopende kulture en godsdienste te toon. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 kinders se regte en verantwoordelikhede kan bespreek;2.4 morele waardes van die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika kan identifiseer. |
| lu 3 |
| **PERSOONLIKE ONTWIKKELING**:Die leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik ten einde effektief te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.4 gepaste gedrag in konfliksituasies toon; |

**Table 1.2**

### 1.2.8 Memorandum

Maak 'n lys van take wat kinders kan verrig.

Wys ook op kinderregte in die grondwet.

Laat leerders 'n dagboek vir die week hou. Moedig hulle aan om verantwoordelikheid vir 'n takie tuis te aanvaar, indien hulle nie reeds een het nie. Hulle moet hulle egter neerlê by kinders se grondwetlike regte.

### 1.2.9 OPSOMMING VAN KINDERS SE REGTE

- Kinders het die reg om gehoor te word en die verantwoordelik-heid om te luister.
- Kinders het die reg om medies versorg te word en die verant-woordelikheid om hulleself op te pas.
- Kinders het die reg om opgevoed te word en die verant-woordelikheid om leer ernstig op te neem.

- Kinders het die reg om liefgehê te word en die verantwoordelik-heid om vir ander om te gee.
- Kinders het die reg om hulle ouers se taal aan te leer en die verantwoordelikheid om ander se taal te respekteer.Kinders het die reg om trots te wees op hulle herkoms, tradisies en geloof en die verantwoordelikheid om ander se geloof te respekteer.
- Kinders het die reg om ‘n veilige tuiste te hê en die verantwoordelikheid om daardie tuiste netjies en skoon te hou.
- Kinders het die reg om foute te maak en die verantwoordelik-heid om uit hulle foute te leer.
- Kinders het die reg om genoeg te hê om te eet en die verant-woordelikheid om die kos nie te vermors nie.
- Beklemtoon dat die leerders regte sowel as verantwoordelikhede het.

Hou ‘n bespreking oor wat die bladsy oor pligte oplewer en sonder een probleem uit, byvoorbeeld:

- Shaun se ma het te veel strykwerk. Wat dink jy gebeur as sy te moeg is van al die strykwerk?
- Jill se pa kom moeg van die werk af tuis en dan moet hy nog die gras ook sny. Hoe voel hy?
- Henrico wil nie die hond kos gee nie. Hoekom nie?

# Chapter 2

# Kwartaal 2

## 2.1 VRIENDSKAP[1]

### 2.1.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 2.1.2 Graad 3

### 2.1.3 ROBINSON CRUSOE

### 2.1.4 Module 2

### 2.1.5 VRIENDSKAP



Baie lank gelede was daar ‘n man met die naam van Robinson Crusoe. Hy het op ‘n lang seereis gegaan. In daardie dae was die skepe nog van hout en hulle het baie seile gehad. Die skip het in ‘n kwaai storm beland en is heen-en-weer op die golwe rondgeslinger. Die kaptein het sy beheer oor die skip verloor en baie lede van die bemanning is deur die branders oorboord geslaan. Uiteindelik het die wind die skip teen die rotse aangewaai, waar die rowwe see die skip in stukke laat breek het. Net een man het aan die kus uitgespoel. Sy naam was Robinson Crusoe.

Toe hy sy bewussyn herwin, het Robinson agtergekom dat hy op ‘n sanderige strand lê. Hy het gesien dat die wrak van die skip nog op die rotse vassit. Toe hy later sterker voel, het hy tot by die stukkende skip geswem en vir hom ‘n bietjie kos en allerhande nuttige artikels bymekaar gemaak. Hy het ook op die kaptein se hondjie afgekom en hom saamgeneem. Oor die volgende paar dae het hy uit die skip se hout ‘n skuiling gebou met die paar stukke gereedskap wat hy in die hande kon kry. Hy moes homself beskerm teen die weer en teen wilde diere.

Hy het ook ‘n geweer van die skip af saamgebring en

was dus gewapen toe hy vars water gaan soek het.

Op pad het hy bessies en ander vrugte gekry wat wild

gegroei het. Hy het ook ‘n paar klein diertjies geskiet

wat hy kon eet. Robinson het toe ‘n paar saadjies geplant wat hy van die skip gered het, en begin tuinmaak. Kort voor lank het hy vir hom ‘n gerieflike woonplek gebou. Alles sou perfek gewees het. Maar hoekom was dit nie?

Robinson Crusoe het op die strand uitgespoel.

- Kleur die prentjie in.




**Figure 2.2**




**Figure 2.3**

Wie sou jy kies as jou vriend as jy iewers gestrand het?
Kyk na elke situasie en besluit watter soort mens hy/sy moet wees. Onderstreep jou keuse.
'n Verlate strand.




**Figure 2.4**

Jy het aan die kus uitgespoel en jy sien 'n liggaam langs jou lê. Dis jou beste vriend/in. Julle twee besluit om saam die wêreld te gaan verken. Daar is digte bosse anderkant die strand. Albei van julle is bang, maar julle moet gaan water soek.




**Figure 2.5**

Dan ontdek julle water. Jy onthou dat mens ook vars vrugte en groente nodig het. Skielik sien julle 'n vrugteboom. Die voëls het al amper al die vrugte opgevreet, maar daar sit nog 'n stukkie van 'n lekker ryp vrug.

(a) 'n **Selfsugtige**maat gryp dit eerste en sê: "Optelgoed is hougoed!"

(b) 'n **Mededeelsame** maat sê: "Dis seker veilig om te eet, want kyk hoe het die voëls gevreet. Kom ons twee deel dit."

Dan gaan jy terug na die strand waar jy veiliger voel. Dit word donker en jy moet iewers 'n plekkie kry om te slaap.

---

(a) 'n **Bedagsame** maat sê: "Kom ons maak vir ons 'n plek reg waar ons naby mekaar kan wees."

(b) 'n Maat wat **altyd wil wen** sê: "Kom ons gaan elkeen sy eie koers en kyk wie kry die lekkerste slaapplek."

**Figure 2.6**

---



**Figure 2.7**

Daardie nag voel jy baie bang en bekommerd. Jy wonder of iemand julle ooit sal vind. Jy dink aan allerhande soorte diere wat julle kan vang. Jy skuif nader aan jou maat, maar dit help niks. Skielik kan jy jou nie meer dapper hou nie, en begin huil.

(a) ‘n **Liefdevolle** maat sal jou troos, al is hy of sy self ook bang.

(b) ‘n Maat wat **net aan hom-/haarself dink** sal sê: “Ag, moenie so ‘n tjankbalie wees nie, slaap nou.5.



**Figure 2.8**

Die volgende oggend vlieg ‘n helikopter oor wat na julle soek. Albei van julle spring op, waai julle arms, roep en skree. Die helikopter land en julle is veilig.

(a) ‘n **Afwyserige**maat sê vir die reddingspan dat jy so bang was dat jy gehuil het, maar hy/sy nie.

(b) ‘n **Getroue** vriend sê dat julle albei so bly is dat iemand julle gevind het.

Lees jou antwoorde deur en bespreek dit met jou groep. Skryf nou die eienskappe neer wat jy in ‘n maat sou waardeer.




**Figure 2.9**

- Teken 'n prentjie van jou en jou beste vriend.

### 2.1.6 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERING |
| LU 2 |
| SOSIALE ONTWIKKELINGDie leerder kan begrip toon van en 'n verbintenis tot konstitusionele regte en verantwoordelikhede en toon sensitiwiteit vir verskillende kulture en godsdienste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.3 eienskappe van 'n goeie maat kan noem en redes gee; |
| KUNS EN KULTUURLU 1 |
| SKEPPING,INTERPRETASIE EN AANBIEDINGDie leerder kan werk skep, dit interpreteer en aanbied in elk van die verskillende kunsvorms – Dans,Drama, Musiek en Visuele Kunste. |
| *continued on next page* |

| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| --- |
| 1.1 (**samestelling**) – reageer op stories, speletjies, prente, poësie en kultuurervarings uit die onmiddellike omgewing as stimuli vir aanbieding in enige kunsvorm. |

**Table 2.1**

### 2.1.7 Memorandum

- Laat die leerders die situasie bespreek. Wat het Robinson nog nodig gehad?
- Lei die bespreking in die rigting van die feit dat daar niemand saam met hom was nie. Watter soort vriend sou vir hom die beste wees? Hy het darem die hondjie by hom gehad!
- Saam met wie sou jy êrens gestrand wou wees? Waarom? Leerders kan 'n vriend/in of familielid kies, maar die eienskappe in die maat van hul keuse sou ook dié van 'n goeie vriend wees. Die volgende vrae kan help om die leerders te lei na eienskappe wat hulle graag in 'n vriend/in sou wou sien.
- Vestig die leerders se aandag op die beskrywing van mense se karaktertrekke wat in vetdruk verskyn. Hierdie eienskappe kan ook bespreek word. Die kinders mag dalk ander byvoeglike naamwoorde noem om die karaktertrekke te beskryf wat in die onderstaande situasies uitgebeeld word.
- Wanneer hulle hierdie eienskappe geïdentifiseer het, kan hulle dit neerskryf onder die opskrif: "'n Goeie vriend is ………". Dit kan ook in die vorm van 'n plakkaat gedoen word.

# 2.2 GESONDE EETGEWOONTES[2]

## 2.2.1 LEWENSVAARDIGHEDE

## 2.2.2 Graad 3

## 2.2.3 ROBINSON CRUSOE

## 2.2.4 Module 2

## 2.2.5 GESONDE EETGEWOONTES




**Figure 2.10**

- Lees weer die leesstuk oor Robinson Crusoe.

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27833/1.1/>.

### 2.2.6 Gesonde eetgewoontes

- Waarom was die kinders so bly toe hulle ‘n vrugteboom sien?

- Waarom was dit so belangrik vir Robinson Crusoe om vars vrugte te eet? Was die kos wat hy op die skip gekry het dan nie genoeg nie?
- Dink jy die water was skoon?
- Waar sal hy skoon water kry?
- Wat kan hy doen om die water skoon / suiwer te kry?
- Lank gelede kon skepe nie baie vars voedsel saamneem nie, omdat dit sou sleg word. Daar was nie yskaste om kos vars te hou nie. Matrose het meestal droë voedsel geëet of ander kos wat ‘n mens lank kan hou.

Ons liggame het egter vitamines nodig wat ons van vars vrugte en groente kry. Matrose op lang seereise het dikwels aan *skeurbuik* gely, omdat daar nie genoeg vitamiene C in hulle voedsel was nie. Dit het veroorsaak dat hulle tande los geword het in hulle tandvleise en dit selfs laat uitval.

Dit was een van die belangrikste redes waarom die Europese mense na Suid-Afrika gekom het. Hulle het ‘n plek nodig gehad waar hulle kon afklim om vars voedsel in te skeep op hulle lang seereise na die Oosterse lande soos Indië en China.

Dink aan jou gunsteling vrug of groente.

- Teken dit en vind uit hoe dit jou liggaam help om gesond te bly.

#### 2.2.6.1 Vrugte

#### 2.2.6.2 Groente

Die eerste ding wat Robinson wou doen toe hy gestrand het, was om te gaan kos en water soek. Daarsonder kan ‘n mens nie lewe nie. Ons liggame kan nie werk sonder energie wat uit voedsel verkry word nie.

Een van die belangrikste dinge wat ons liggame nodig het om te kan groei, is *proteïne*. Die meeste diere-produkte bevat proteïne.

Maak ‘n lysie of soek prentjies van voedsel wat ‘n mens van diere kry, byvoorbeeld melk, eiers, vleis, ens.

Ons het egter nie net proteïne nodig nie. Ons liggame het ook die belangrike vitamiene nodig wat mens in vrugte en groente kry.

‘n Mens kry byvoorbeeld Vitamine A in wortels, broccoli, botterskorsies en spinasie. Dit help jou vel, beendere en tande om mooi te groei en gesond te bly.

Koolhidrate en suiker gee vir ons energie, maar te veel hiervan kan mens laat vet word.




**Figure 2.11**

Party mense eet glad nie vleis nie. Hulle word vegetariërs genoem. Hoe kan hulle liggame dan goed groei as hulle nie proteïne eet nie?

Daar is ook proteïne in neute en sojaprodukte.




**Figure 2.12**

Daar is verskillende redes waarom party mense nie vleis eet nie.

- Dink aan 'n paar.

Een van die hoofredes is hul godsdiens. Baie godsdienste het reëls vir 'n gesonde dieet. Net soos 'n mens God se reëls moet nakom om reg te lewe, moet mens ook die regte kosse eet om jou liggaam gesond te hou.

So maak Moslems seker dat hulle voedsel voorberei is volgens die voorskrifte van hulle godsdiens. Dié kos word "Halaal" genoem.

Mense van die Joodse geloof doen dieselfde. As hulle voedsel vir hulle reg voorberei is, word dit "Kosher" genoem. Die Joodse geloof verbied mense ook om varkvleis te eet. Mense van die Hindoe-geloof eet weer nie die vleis van 'n koei nie, omdat koeie as heilige diere beskou word.

Hoewel daar verskillende godsdienste bestaan, glo die meeste mense dat die Lewe iets kosbaars is. Hulle is dankbaar dat hulle kan lewe en gesonde liggame het. Daarom sorg hulle dat hulle gesond bly en respek het vir hulle liggame.

Vind uit wat jou eie godsdiens sê oor hoe 'n mens na jou liggaam behoort te kyk. Wat dink jy?

Wat is jou eie mening oor hoe jy na jou liggaam moet kyk?

Onthou dat oefening ook belangrik is!





**Figure 2.13**

Skryf jou mening op 'n foliobladsy. Het jy al drie dele van die vraag beantwoord? Hoe goed dink jy was jou antwoorde? Merk die blokkie wat wys hoe jy oor jou antwoorde voel.




**Figure 2.14**

Opdrag: Volg ek 'n goeie dieet?

Skryf in julle groep drie vrae neer wat julle vir julle ouers kan vra om te bepaal of julle gesonde eetgewoontes het. Dink aan die gedeeltes wat ons oor voedsel gelees het en wat jy reeds oor gesonde kos weet.

Skryf jou vrae neer.

Skryf Mamma of Pappa se antwoorde neer.

Jy het nou al die inligting versamel. Vergelyk jou antwoorde met dié van jou maats.

- Voel jy nog steeds dat jy gesonde eetgewoontes het?
- Wat kan jy doen om jou eetgewoontes te verbeter?




**Figure 2.15**

Vra vyf van jou maats hoeveel keer hulle in 'n maand kitskos eet.

- Voltooi die diagram.

| Naam: | Week | Maand |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |
| 5. | | |

**Figure 2.16**

*Wie van jou maats eet die gesondste?*




**Figure 2.17**

### 2.2.7 Leeruitkomstes(LUs)LEWENSORIËNTERINGLU 1BEVORDERING VAN GESONDHEIDDie leerder kan ingeligte besluit neem oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid.Assesseringstandaarde(ASe)Dit is duidelik wanneer die leerder:1.1beskryf bronne van suiwer en onsuiwer water en eenvoudige metodes om water te suiwer;LU 2SOSIALE ONTWIKKELINGDie leerder kan begrip toon van en 'n verbintenis tot konstitusionele regte en verantwoordelikhede en toon sensitiwiteit vir verskillende kulture en godsdienste.Dit is duidelik wanneer die leerder:2.4waardes en morele oortuigings uit 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture kan identifiseer.LU 4FISIESE ONTWIKKELING EN BEWEGINGDie leerder kan begrip toon vir en deelneem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.Dit is duidelik wanneer die leerder:aan aktiwiteite deelneem om kontrole, koördinasie en balans in basiese lokomotoriese, oplig- en draaivaardighede te ontwikkel – met apparaat.KUNS EN KULTUURLU 2REFLEKTERINGDie leer kan krities en kreatief reflekteer op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style in die verlede en die huidige kontekste.Dit is duidelik wanneer die leerder:2.2(musiek) – luister na en reageer deur te beweeg op die maat van note wat stap, hardloop en hop voorstel in liedjies uit die onmiddellike omgewing.NATUURWETENSKAPLU 1WETENSKAPLIKE ONDERSOEKEDie leerder kan met vertroue reageer oor natuurverskynsels en kan verhoudinge ondersoek en probleme oplos in die wetenskaplike tegnologiese en omgewingskontekste.Dit is duidelik wanneer die leerder:1.1beplan: 'n ondersoek as lid van 'n groep beplan;1.2doen: onafhanklik of as deel van 'n groep aan 'n beplande aktiwiteit deelneem;1.3hersien: wys en verduidelik wat die bedoeling was en hoe dit gedoen is.Assessering

### 2.2.8 Memorandum

- Dit is belangrik dat die leerders sien dat die dieetgebruike in baie godsdienste 'n poging is om hulle gode te vereer. Soms het dit as gevolg van eenvoudige higiëne ontstaan. Op hierdie vlak kan dit egter beskou word as 'n manier om hulle liggame skoon en gesond te hou, sodat God daardeur gedank word vir die gawe van Lewe.
- Gedurende die voltooiing van bogenoemde take moet ateïste of leerders wat nie kerk toe gaan nie, verseker word dat hulle eenvoudig hulle eie mening kan gee. Leerders wat self navorsing kan of wil doen, kan die dieetgewoontes van ander gelowe naslaan en dit met die klas kom deel.
- Die blokkies kan gebruik word om die taak duidelik te definieer vir die leerders of opvoeder om hul werk te assesseer. Verduidelik aan die leerders wat van hulle verwag word om 'n vrolike gesiggie te verdien, of 'n 5 as dit geassesseer word. Hulle moes al drie dele van die vraag voltooi het, en bv. 'n rede gee wanneer hulle praat oor oefening wat belangrik is vir 'n gesonde liggaam. Waarom dink *hulle* dat oefening belangrik is?

- In die volgende taak keer ons terug na Robinson. Hy is in staat om na sy basiese behoeftes om te sien terwyl hy in goeie gesondheid verkeer. Lei die gesprek na wat Robinson sou doen as hy siek word. 'n Gewone verkoue sou vir hom 'n terugslag wees as hy nie sy normale take kon uitvoer nie. Hoe kan dit verhoed word? Help die leerders om die belangrikste verskil tussen griep en 'n verkoue te verstaan. Terwyl die leerders 'n lysie maak van simptome, word die volgende feite toegelaat om deur te skemer.
- Herinner die leerders aan die belangrikheid van oefening om 'n gesonde liggaam op te bou. Spiere moet rek en beweeg, dus moet 'n mens nie die hele dag in een posisie sit nie. Sluit 'n paar lesse in beweging in: stap, draf, springstap (skip) en hardloop. Ook dans laat die spiere *beweeg*. Laat tyd toe vir vrye

"dans" aan die einde van die les.

- Sluit by elke sessie 'n paar oefeninge in om soepelheid te verseker, soos tone raak (laat veral aan die begin die knieë toe om te buig), kruisbeen sit, en die liggaam strek in verskillende vorms. Beklemtoon altyd rugsorg en die feit dat mens net moet doen wat jou liggaam *kan*. Moenie kyk wat iemand anders doen nie – luister net na jou eie liggaam. As iets seerkry, STOP! Eindig met 'n speletjie (of "danstyd") en afkoeltyd.
- Leerders kan die laaste paar minute met toe oë lê of sit in 'n volkome ontspanne posisie. Kies 'n wenner of laat hulle een vir een opstaan en 'n ry vorm of teruggaan klas toe. Dit dra ook by om weer dissipline te bewerkstellig na 'n opwindende les!

## 2.3 OORLEWING[3]

### 2.3.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 2.3.2 Graad 3

### 2.3.3 ROBINSON CRUSOE

### 2.3.4 Module 2

### 2.3.5 OORLEWING



**Figure 2.18**

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27834/1.1/>.

#### 2.3.5.1 Siekwees is nie lekker nie!

Robinson het baie dinge gedoen om sy gesondheid op te pas. Hy het seker gemaak dat hy die regte kos het, asook water en skuiling. Hy kon homself teen wilde diere beskerm. Hy kon homself warm hou deur vuur te maak. Wat kan dan nog verkeerd gaan?

- Probeer dink aan iets wat die lewe vir Robinson kon bederf.
- Wat sou gebeur as hy griep kry? Die lang mediese woord daarvoor is in-flu-en-za. Dit word veroorsaak deur ‘n virus wat ‘n mens se liggaam binnedring.Die meeste van julle het al griep of verkoue gehad. Wat gebeur met jou liggaam as jy griep kry?
- Bespreek die simptome en maak ‘n lysie daarvan. Let op die verskil tussen verkoue en griep.
- Die lastige ding van griep is dat ons niks kan doen om dit gesond te maak nie. ‘n Mens moet wag tot die virus uit jou liggaam is. Die dokters gee darem vir ons medisyne sodat ons kop en liggaam nie so erg pyn nie. Ons moet ook wegbly van ander mense, sodat ons hulle nie aansteek nie.
- Dis moeilik om te keer dat jy aansteek by iemand anders. ‘n Virus is so klein dat mens dit nie kan sien nie. Jy kan dus nie padgee as jy ‘n virus sien nie. Party mense neem ‘n inspuiting om te keer dat hulle griep kry. Die beste is om gesonde kossoorte te eet wat jou liggaam so sterk maak dat hy self teen die kieme kan veg.
- Teken ‘n prentjie van iemand wat in ‘n siekbed lê.

Tegnologie

Ons het gesê Robinson Crusoe het kos, water en ‘n skuiling nodig gehad.
Watter soort skuiling sou hy kon bou?

- Vind meer uit oor verskillende soorte huise. Wat het alle huise?
- Maak ‘n lys van alles wat jy in ‘n huis nodig het, asook waarvan die huise gemaak is.

| Item | Materiaal |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Figure 2.19**

- Sou Robinson vir hom sulke huise kon bou? Onthou, hy was op ‘n verlate eiland.
- Beplan vir hom ‘n skuiling. Teken hoe dit sal lyk. Onthou om te sê waarvan elke deel gemaak is.
- Maak ‘n model deur van jou ontwerp gebruik te maak.

Evalueer jou ontwerp:

- Lyk jou model soos jou ontwerp?
- Wat is die verskil?
- Dink jy Robinson sou vir hom so ‘n skuiling kon bou?

### 2.3.6 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| TEGNOLOGIE |
| LU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 (**ondersoek**) – die hoofdoel van verskillende produkte kan beskryf;1.3 (**ontwerp**) – gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak te kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om ‘n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig;1.4 (**maak**) – hoe die produkte gemaak gaan word kan beskryf;1.6 (**evalueer**) – die sterk en swak punte van eie produkte kan identifiseer. |
| AARDRYKSKUNDELU 2 |
| AARDRYKSKUNDIGE KENNIS EN BEGRIPDie leerder kan aardrykskundige en omgewingskennis en –begrip toon. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 kernkenmerke van verskillende plekke kan beskryf, insluitende mense se wisselwerking met die plekke (in dié geval, hulle huise). |

**Table 2.2**

### 2.3.7 Memorandum

In die volgende taak keer ons terug na Robinson. Hy is in staat om na sy basiese behoeftes om te sien terwyl hy in goeie gesondheid verkeer. Lei die gesprek na wat Robinson sou doen as hy siek word. ‘n Gewone verkoue sou vir hom ‘n terugslag wees as hy nie sy normale take kon uitvoer nie. Hoe kan dit verhoed word? Help die leerders om die belangrikste verskil tussen griep en ‘n verkoue te verstaan. Terwyl die leerders ‘n lysie maak van simptome, word die volgende feite toegelaat om deur te skemer.

- Griep tas die hele liggaam aan sodat ook die spiere en gewrigte pyn. Selfs die hart kan aangetas word deur die griepvirus. Inenting teen griep is beskikbaar, maar dit help net vir ‘n jaar. Dieselfde virus val mense gewoonlik nie jaar na jaar aan nie, sodat daar elke jaar ‘n nuwe entstof nodig is. Dit bestry of verswak die griepvirus, maar genees dit nie.

- ‘n Verkoue tas meestal net die boonste lugweë aan en ‘n mens het nie altyd koors soos met griep nie. Mens kan met griep sowel as verkoue ‘n seer keel, ‘n hoes en ‘n loopneus of toe neus. Die virus moet in albei gevalle eers uit die liggaam padgee voordat die pasiënt gesond sal word. Die virus word deur die lug van mens tot mens oorgedra.
- Laat die leerders nou maniere voorstel om te verhoed dat hulle griep of verkoue kry. Dit moet insluit dat mens jou eie liggaam gesond hou sodat die immuniteitstelsel teen die kieme kan veg; ‘n mens moet wegbly van mense wat griep of verkoue het (hulle het die virus in hulle liggame); en mens moenie deur dieselfde strooitjie, uit dieselfde koppie, beker, glas, koeldrankblikkie, vrugtesapbottel, ens., drink as iemand anders nie.
- ‘n Addisionele aktiwiteit kan uitgevoer word nadat die simptome en waarskynlike redes vir verkoue of griep bespreek is. Die leerders kan dan ‘n besoek aan die dokter rolspeel, waarin hulle kla oor die simptome wat sal aandui of hulle griep of net verkoue het. Die “dokters” moet dan sekere inligting oor die siekte gee, bv: “Ek kan vir jou medisyne gee om die hoofpyn weg te neem, maar dit maak jou nie regtig gesond nie.
- Sluit by elke sessie ‘n paar oefeninge in om soepelheid te verseker, soos tone raak (laat veral aan die begin die knieë toe om te buig), kruisbeen sit, en die liggaam strek in verskillende vorms. Beklemtoon altyd rugsorg en die feit dat mens net moet doen wat jou liggaam *kan.* Moenie kyk wat iemand anders doen nie – luister net na jou eie liggaam. As iets seerkry, STOP! Eindig met ‘n speletjie (of “danstyd”) en afkoeltyd.
- Leerders kan die laaste paar minute met toe oë lê of sit in ‘n volkome ontspanne posisie. Kies ‘n wenner of laat hulle een vir een opstaan en ‘n ry vorm of teruggaan klas toe. Dit dra ook by om weer dissipline te bewerkstellig na ‘n opwindende les!
- Die leerders moet ‘n model van Robinson se skuiling beplan. Help hulle om ‘n bietjie navorsing te doen oor huise in die omgewing. Besoek ‘n huis wat in aanbou is (onthou om die nodige veiligheidsmaatreëls te tref!) en moedig hulle aan om mooi op te let hoe hulle eie huise gebou is en watter materiaal gebruik is. Soek boeke met inligting oor huise in ander kulture. Vestig hulle aandag daarop dat huise gebou word in ooreenstemming met die behoeftes van mense, veral met betrekking tot klimaat, bv. sentrale verhitting in lande waar dit baie koud word.
- Vra wat ons in ‘n huis benodig. Laat hulle die lys voltooi, bv. dak, mure, vloer, vensters, badkamer, toilet, ens., en waarvan dit gemaak is.

## 2.4 VEILIGHEID[4]

### 2.4.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 2.4.2 Graad 3

### 2.4.3 KOM SPEEL SAAM

### 2.4.4 Module 3

### 2.4.5 VEILIGHEID

### 2.4.6 Groepwerk:

- Gesels met jou maats oor waar julle dink dit die veiligste en beste plek sal wees om ‘n park op te rig. Onthou, dit moet op julle eie speelgronde wees.
- Bespreek watter invloed so ‘n park op die skool sal hê.
- Beplan waar julle die verskillende apparate sal plaas.
- Sal dit nodig wees om enige plante en bome te plant?

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27835/1.1/>.

- Bespreek wat julle sal doen om dit vir almal in die park veilig te maak.
- Bespreek watter reëls daar vir die leerders sal wees.
- Wat kan julle doen om te keer dat daar nie rommel gestrooi word nie?

- Skryf vyf van julle belangrikste reëls neer.

### 2.4.7 Ontwerp

- Ontwerp nou 'n kennisgewingbord wat julle by die hek van die park kan aanbring.
- Dink julle dit sal veilig wees om leerders te laat rolskaats?
- Sal hulle met fietse daar kan ry?

### 2.4.8 Maak 'n skets van hoe jy dink die park gaan lyk.

- Teken plante en bome ook by.
- Dui die ingang aan.
- Onthou, die parkie moet ook vir gestremde leerders toeganklik wees.

- Bespreek die prent in die klas. Dink jy julle park gaan ook so lyk?
- Bespreek wat julle kan doen om dit te verhoed.
- Kyk of jy 8 foute in die park kan sien. Merk dit met 'n rooi kryt.
- Kleur die prent netjies in.



**Figure 2.20**

## 2.4.9 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERING |
| LU 1 |
| BEVORDERING VAN GESONDHEIDDie leerder kan ingeligte besluit neem oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 voorstelle kan maak en maniere ondersoek om die huis- en skoolomgewing veiliger te maak. |
| LU 3 |
| **PERSOONLIKE ONTWIKKELING**:Die leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik en uit te leef om doeltreffend te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.5 gepaste gedrag in die klas sowel as in groepwerkvaardighede toon. |
| SOSIALE WETENSKAPLU 3 |
| ONDERSOEK VAN VRAAGSTUKKEDie leerder kan ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme neem. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.2 die impak wat die vraagstuk op die plek en op mense (huis, skool, omgewing) gaan maak, identifiseer. |
| TEGNOLOGIELU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 (**Ondersoek**) – die hoofdoel van die verskillende produkte kan beskryf; |

**Table 2.3**

### 2.4.10 Memorandum

- Lees die volgende brief voor aan die klas. Hierdie brief is geskryf deur mnr. Sak-vol-geld en hy is ‘n ontwikkelaar.

Liewe Graad Twee’s

My naam is mnr. Sak-vol-geld. Ek is baie bekommerd oor al die kinders wat in die strate speel. Ek wil graag vir hulle ‘n groot park of speelgrond aanlê, sodat hulle veilig kan speel. Help my asseblief om uit te vind watter soort speletjies kinders graag speel. Ek wil ook graag hê dat julle vir my ‘n plan moet teken oor hoe julle dink die speelgrond moet lyk. Ek sien daarna uit om van julle te hoor.

Hierdie foute moet deur die leerders op die werkvel geïdentifiseer word:

- Draad/heining wat stukkend is.
- Kinders wat oor die heining klim.
- Te veel kinders op ‘n swaai.
- Glasstukke wat rondlê.
- ‘n Kraan wat drup.
- ‘n Kind wat op ‘n fiets ry.
- ‘n Wipplank wat stukkend is.
- ‘n Kind wat aan ‘n boom se takke swaai.
- ‘n Vullishouer wat oorloop.
- Kinders wat op die rusbankie klouter.

# 2.5 DIE PARK[5]

## 2.5.1 LEWENSVAARDIGHEDE

## 2.5.2 Graad 3

## 2.5.3 KOM SPEEL SAAM

## 2.5.4 Module 3

## 2.5.5 DIE PARK




**Figure 2.21**

## 2.5.6 Maak ‘n skets van hoe jy dink die park gaan lyk.

- Teken plante en bome ook by.
- Dui die ingang aan.

[5]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27836/1.1/>.

- Onthou, die parkie moet ook vir gestremde leerders toeganklik wees.

- Julle het nou mooi gedink en beplan hoe die park moet lyk. Besluit nou saam met die klas wat julle alles gaan nodig hê.
- Is daar enige iets in die lys wat jy nie in die park sal wil hê nie?

Skryf dit neer.




**Figure 2.22**

Skryf 'n briefie aan mnr. Sakke-vol-geld om vir hom dankie te sê vir die mooi gedagte. Sê vir hom hoe opgewonde julle is en wat julle alles graag in die park wil hê.

## 2.5.7 Modelwerk:

- Gesels met jou maats oor wie vir watter apparaat verantwoordelik gaan wees. Maak jou klei eers lekker sag en bou dan almal saam aan julle model.
- Skryf jou maat se naam langs die apparaat wat hy gaan maak, neer.

| Apparaat en tuin | My maats |
|---|---|
| swaaie | |
| glyplank | |
| klimraam | |
| wipplank | |
| bome en plante | |

**Figure 2.23**

- Nooi mnr. Sakke-vol-geld om julle uitstalling van die modelle te kom bywoon. Hy is seker baie nuuskierig om te sien wat julle beplan om te doen.

- Teken hoe julle model lyk.
- Vra vir Mamma of Pappa om jou te help uitvind by watter besigheid of winkel julle die verskillende produkte sal kan gaan koop.

| Produkte | Winkels |
|---|---|
| Yster- of houtpale | |
| Bome en struike | |
| Skroewe | |
| Heining en 'n hek | |
| Ou motorbande | |

**Figure 2.24**

- Kom vertel vir die klas by watter plekke jy dink julle die beste produkte kan gaan koop.
- Teken ‘n winkel. Gee vir jou winkel ‘n naam.

### 2.5.8 My gunsteling speletjie

- Wat is jou gunsteling speletjie?
- Wat het jy nodig om dit te kan speel? (apparaat)
- Waar sal dit die beste wees om te speel, bv. op die gras of op ‘n teerblad?
- Skryf die reëls neer en verduidelik aan jou groep hoe om die speletjie te speel.
- Is dit ‘n goeie speletjie om in die park te speel?

(Laat jou groep besluit)

- Watter van die volgende speletjies ken jy?

1. Aan-aan
2. “Ring-‘n-Rosie”
3. Blindemol
4. Vroteier

5. Koning Koning mag ek reis?

- Vra vir Mamma of vir Juffrou om die speletjies vir jou te verduidelik as jy dit nie ken nie.
- Probeer om van die speletjies tydens julle Liggaamlike Opvoedingsklasse of gedurende ‘n pouse te speel.

### 2.5.9 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERING |
| LU 2 |
| **SOSIALE ONTWIKKELING**:Die leerder kan begrip van en ‘n verbintenis tot konstitusionele regte en verantwoordelikhede toon, asook sensitiwiteit vir verskillende kulture en godsdienste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 kinders se regte en verantwoordelikhede kan bespreek en deelneem aan ‘n klasstemming.2.4 identifiseer waardes en morele oortuigings uit ’n verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture. |
| LU 4 |
| **FISIESE ONTWIKKELING EN BEWEGING**:Die leerder kan begrip toon vir en deelneem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 individueel en saam met ‘n maat deelneem aan verskeie inheemse buitelugspeletjies met eenvoudige reëls;4.2 aan aktiwiteite deelneem om kontrole, koördinasie en balans in basiese lokomotoriese, oplig- en draaivaardighede te ontwikkel met apparaat;4.3 ekspressiewe bewegings of patrone ritmies uitvoer deur verskeie stimuli te gebruik;4.4 aan gestruktureerde aktiwiteite deelneem deur van apparaat gebruik te maak. |
| SOSIALE WETENSKAPLU 1 |
| AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEKDie leerder kan ondersoekvaardighede gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en prosesse te ondersoek |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 belangrike kenmerke van plekke in die plaaslike konteks kan identifiseer en beskryf (beantwoord die vraag). |
| GESKIEDENIS LU 1 |
| HISTORIESE INTERPRETASIE Die leerder kan aspekte van geskiedenis interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.3 kies en praat oor ‘n onderwerp wat die verlede verteenwoordig, bv. Speletjies uit vroeër tyd. |
| TEGNOLOGIELU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.3 (**Ontwerp**) – gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om ‘n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig. |
| KUNS EN KULTUURLU 1 |
| SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDINGDie leerder kan werk skep, dit interpreteer en aanbied in elk van die verskillende kunsvorms – Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 (**Dans**) – die agt lokomotoriese bewegings (stap, hardloop, touspring, hop, oorspring, spring, galop, gly) kan demonstreer terwyl daar vorentoe, sywaarts, agteruit, diagonaal en draaiend beweeg word.1.10 (**Oorkoepelend**) – reageer op stories, speletjies, prente, gedigte enkulturele ervarings uit die onmiddellikeomgewing as stimuli vir voorstelling in enigekunsvorm. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| LU 3 |
| DEELNAME EN SAMEWERKINGDie leerder kan persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname in Kuns en Kultuuraktiwiteite demonstreer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.5 vrymoedig betrokkenheid tydens die beplanning van gesamentlike kunswerke toon. |
| EBWLU 1 |
| EKONOMIESE KRINGLOOPDie leerder kan kennis en begrip van die ekonomiese siklus in die oplossing van die ekonomiese probleem toon. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 die rol van huishoudings as belangrike deelnemers aan die vervaardiging en verbruik van goedere en dienste kan verduidelik;1.2 kan verduidelik dat behoeftes en begeertes onbeperk en veranderlik kan wees en deur maats, die media en die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste deur sakeondernemings beïnvloed word. |
| NATUURWETENSKAPLU 1 |
| WETENSKAPLIKE ONDERSOEKDie leerder reageer met selfvertroue en weetgierigheid oor natuurlike verskynsels, en ondersoek verhoudings en los probleme op binne die konteks van wetenskap, tegnologie en die omgewing. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 (**Beplan**) – materiale gebruik wat deur die groep uitgesoek is om die groep se plan te kommunikeer, bv.<br>• materiaal wat die groep wil gebruik, gereed kry;<br>• sê wie dit gaan gebruik en vir watter doel;<br><br>• (**Doen**) – Neem onafhanklik of in 'n groep deel aan beplande aktiwiteit.<br>1. 2.2 verduidelik wat gedoen word en beantwoord die vraag "Wat probeer jy uitvind?".1.3 (**Hersien**) – Wys en verduidelik wat beplan is en hoe dit gedoen is. |

**Table 2.4**

### 2.5.10 Memorandum

- Sê aan die leerders dat ons moet seker maak dat ons aan al die speletjies dink wat kinders graag speel. Ons moet dink aan buitelugspeletjies, want mnr. Sak-vol-geld wil 'n park aanlê.
- Laat leerders die bladsy oor hulle eie gunstelingspeletjie voltooi. Dit kan enige speletjie wees, van aan-aan tot skaatsbordry.
- As dit 'n speletjie met reëls is, moet hulle kan verduidelik hoe dit gespeel word.
- Waar van toepassing, moet hulle die veiligheidsmaatreëls kan verduidelik.
- In liggaamsoefeninglesse kan die leerders probeer om party van die speletjies te speel volgens die reëls wat verskaf word.

# Chapter 3

# Kwartaal 3

## 3.1 ZERO BESOEK SUID-AFRIKA[1]

### 3.1.1 LEWENSVAARDIGHEDE


### 3.1.2 Graad 2

### 3.1.3 BESOEK UIT DIE RUIMTE

### 3.1.4 Module 4

### 3.1.5 ZERO BESOEK SUID-AFRIKA

---



Zero het op ons planeet, Aarde, geland. Die kinders vind 'n prent van die sonnestelsel en verduidelik aan hom waar die Aarde is.




**Figure 3.2**




**Figure 3.3**

Soek die dorp of stad waar jy woon op die kaart van Suid-Afrika. Wys vir Zero waar jy bly.





**Figure 3.4**

- Wat is die naam van die provinsie waarin jy woon?
- Ons premier se naam is...

Beplan wat jy hom sou vertel. Onthou die volgende belangrike punte:

- **Bevolkingsgroepe:** In Suid-Afrika is daar baie verskillende soorte bevolkingsgroepe. Kyk hoeveel jy kan identifiseer.
- **Tale:** Ons het 11 amptelike tale. Hoeveel kan jy opnoem?
- **Ooreenkomste:** Wat is, volgens jou, dieselfde omtrent alle Suid-Afrikaners, of omtrent al die mense in Suid-Afrika wat jy al ontmoet het? Wat sou jy vir Zero kon vertel? As jy dink ons is nie almal eenders nie, dink aan al die verskillende aspekte rondom Suid-Afrikaners, bv. soos dat party mense in die platteland werk en ander in die groot stede.
- Skryf neer wat jy uitgevind het.

Ooreenkomste of verskille.

Suid Afrika is ‘n baie groot land met verskillende soorte mense.

- Wat kan jy vir Zero van ons groot stede vertel?
  - Johannesburg
  - Kaapstad
- Kies enige ander dorp wat jy baie interessant vind en vertel vir Zero daarvan.
- Wat is jou dorp se naam?
- Wat kan jy vir Zero van jou dorp vertel? Lees die vrae en kyk of jy dit kan beantwoord. Vra vir jou ouers om jou te help.

| | |
|---|---|
| Waar kry die dorp sy naam vandaan? | |
| Waarom het mense na die dorp gekom? | |
| Wat doen die meeste mense in die dorp? | |
| Is daar enige besienswaardighede in jou dorp? | |
| Watter natuurlike hulpbronne het julle in die dorp? (water, minerale) | |

**Figure 3.5**

- Waar werk die meeste mense in jou dorp?
- Watter plek in jou dorp gaan jy graag besoek? Teken dit.

Ten spyte van ons verskille is ons een volk. Ons land se leuse is **!ke:/xarra//ke**. Dit is ‘n Khoisan uitdrukking wat *Diverse mense verenig*, beteken. Ons leuse herinner ons daaraan dat ons almal verskil, maar dat ons as een volk saam wil leef en werk.

‘n Leuse is ‘n kort uitdrukking of sinnetjie wat sê waarin ‘n mens se skool of land glo en waaraan ons altyd sal probeer voldoen.

- Wat dink jy beteken ons leuse? Verbeel jou dat jy dit aan Zero moet verduidelik. Skryf dit hier. Probeer om dit in jou eie woorde te sê.

- Zero het van die gedagte van ‘n leuse gehou. Help hom om aan ‘n leuse vir Mars te dink.

### 3.1.6 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LU 3 |
| PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik en uit te leef om doeltreffend te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.5 groepwerkvaardighede identifiseer en konsekwent toepas. |
| EBWLU2 |
| VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en om krities oor die verwante prosesse na te dink. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.2 identifiseer en beskryf die verskillende plekke waar gesins- en familielede werk (trekarbeid, stedelike en plattelandse gebiede). |
| SOSIALE WETENSKAPLU 2 |
| GEOGRAFIESE KENNIS EN BEGRIPDie leerder kan geografiese en omgewingskennis en begrip demonstreer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 kenmerke van verskillende plekke, insluitend mense se wisselwerking met die plekke, kan beskryf;2.2 sommige beskikbare hulpbronne wat in die plaaslike gebied gebruik word (bv. water, minerale) kan identifiseer en kan verduidelik waarvandaan dit kom (mense en hulpbronne). |
| TEGNOLOGIELU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 1.3 (**ontwerp**) – gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak te kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om 'n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig;1.4 (**maak**) – hoe die produkte gemaak gaan word. |
| KUNS EN KULTUURLU 1 |
| **SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING**Die leerder kan werk skep, dit interpreteer en aanbied in elk van die verskillende kunsvorms – Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.3 (**dans**) – eenvoudige dansstappe uit danse in die onmiddellike omgewing kan leer en dit opvoer;1.7 (**musiek**) - liedjies uit die onmiddellike omgewing kan sing. |

**Table 3.1**

### 3.1.7 Memorandum

Die kinders gaan vir Zero van ons land vertel. Wys vir hulle waar ons in die sonnestelsel inpas. Indien u toegang het tot groter, meer kleurvolle illustrasies, sou hulle verkies word.

Indien u 'n aardbol het, gebruik dit om die kinders te wys hoe die aarde lyk. Wys dan waar Afrika en Suid-Afrika lê. Vestig hulle aandag op die kaart. Bespreek die kaart deeglik. Wys waar die verskillende provinsies en die belangrikste stede geleë is. Help hulle om 'n idee te vorm van die afstande en groottes deur te verduidelik dat dit een-en-'n-halwe dag per motor neem om van Durban Kaapstad toe te ry, ensovoorts. (LO 2.2)

Om die pret-element van Zero se besoek te behou, maak 'n masker wat soos 'n besoeker uit die ruimte lyk en laat een van die kinders die rol van Zero vertolk en alles oor ons wêreld uitvra. Die kinders sal dit nog meer prettig vind as u self die rol van Zero vertolk! (K+K 1.3)

Die leerders kan nou van hulle eie dorp of stad vertel. Die leerders moet bewus raak van hoe 'n dorp ontstaan en ontwikkel. Die meeste van die tyd is dit a.g.v. ekonomiese redes. Mense kom na 'n dorp om geld te verdien. Die plattelandse gemeenskap werk meestal op plase. In die stad hoop hulle om meer geld te maak aangesien daar meer werk beskikbaar is. Maak die leerders bewus van begrippe soos trekarbeid, stedelike en plattelandse gebiede voordat die leerders die taak saam met hulle ouers doen. (EBW 2.2)

Groepwerk: Bespreking – die leerders bespreek of hulle dink dit is moontlik dat die plante op die planeet Mars kan leef. Doen eksperiment.

In 'n LO-les kan die kinders vir Zero wys hoe hulle dans. Hulle kan hulle eie musiek bring en hul danspassies demonstreer.

In 'n volgende les kan 'n trom (as een verkry kan word) of enige ander slagwerk-instrument gebruik word om 'n ritme aan te gee. Verduidelik hoe sterk die tradisionele Afrika-danse op ritme gebaseer is. Indien enige van die kinders van hierdie danse kan demonstreer, moet hulle dit gerus doen. Andersins kan u 'n paar eenvoudige patrone uitwerk wat die kinders dan op die maat van die tromme kan doen. Indien enige van die kinders al die tradisionele "gum boot"-danse gesien het, kan hulle probeer om die patrone en ritmes na te boots. (LO 4.3)

Suid-Afrika se bevolking bestaan uit die volgende groepe: Nguni-groep (dit sluit die Zoeloes, Xhosas en Swazi's in); Sotho's; Tswanas; Tsonga; Venda; Afrikaners; Engelse; Kleurlinge en Indiërs. Daar leef ook nog 'n paar Khoi en San mense in Suid-Afrika.

11 Amptelike tale:

1. Afrikaans
2. Engels
3. Xhosa
4. Zulu
5. Ndebele

6. SePedi
7. SeSotho
8. SeTswana
9. SeSwati
10. TshiVenda
11. XiTsonga

## 3.2 SUID-AFRIKA SE SIMBOLE[2]

### 3.2.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 3.2.2 Graad 2

### 3.2.3 BESOEK UIT DIE RUIMTE

### 3.2.4 Module 4

### 3.2.5 SUID-AFRIKA SE SIMBOLE




**Figure 3.6**

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27838/1.1/>.

### 3.2.6 Hier is ons vlag.

- Watter kleur is ons vlag
- Hier is ons volkslied.

Nkosi sikelel' iAfrikaNkosi sikelel ' iAfrikaMaluphakanyisw' uphondo IwayoYiswa imithandazo yethuNkosi sikelela, thina lusapho lwayo.Morena boloka setjhaba sa hesoO fedise dintwa le matchwenyeho,O se boloke, O se boloke setjhaba sa hesoSetjhaba sa South Afrika – South AfrikaUit die blou van onse hemel,Uit die diepte van ons see,Oor ons ewige gebergtes,Waar die kranse antwoord gee,Sounds the call to come together,And united we shall stand ,Let us live and strive for freedom,In South Africa our land.

- In ons volkslied kombineer ons vier van ons tale, naamlik Xhosa, Sesotho, Afrikaans en Engels. Kyk hoe goed julle dit kan sing.

Die kinders let op dat Zero 'n vreemde soort halssnoer dra. Dit is van besonderse rooi steentjies gemaak. Hulle het nog nooit vantevore so-iets gesien nie. Zero was baie trots daarop, want volgens hom was daar nie nog so 'n halssnoer op aarde nie. Dit was uniek. Die rooi gesteente word net op Mars gevind.

Ons het ook unieke plante en diere in Suid-Afrika. Ons gebruik hulle as ons simbole om ons daaraan te herinner dat ons land besonders is. Suid-Afrika is byvoorbeeld die enigste land waar die protea inheems is. Die **Reuse Koningsprotea** is die nasionale blom van Suid-Afrika. Ons het ook 'n nasionale boom, die **Geelhout**; 'n nasionale voël, **die Blou Kraanvoël**; 'n nasionale dier, die **Springbok**; en selfs 'n nasionale vis, die **Galjoen**.




**Figure 3.7**

- Kleur die prentjies in of probeer om 'n groter weergawe van elkeen te teken en verfraai jou klaskamer daarmee.
- Kies een van ons nasionale simbole en kom vertel vir die klas daarvan.

- Skeur stukkies papier uit 'n ou koerant of tydskrif en plak dit op die vis. Kyk of jy dit so kan plak dat dit lyk asof die vis se lyf vol skubbe is.




**Figure 3.8**

### 3.2.7 Assessering

| Leeruitkomstes(LUs) |
| --- |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| LU 2 |
| SOSIALE ONTWIKKELINGDie leerder kan begrip toon van en ‘n verbintenis tot konstitusionele regte en verantwoordelikhede en toon sensitiwiteit vir verskillende kulture en godsdienste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 bespreek kinders se regte en verantwoordelikhede en neem deel aan ’n klasstemming;2.2 nasionale simbole kan identifiseer en die volkslied kan sing;2.4 waardes en morele oortuigings uit ‘n verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture kan identifiseer. |
| LU 4 |
| LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING EN BEWEGINGDie leerder kan begrip toon vir en deelneem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.3 ekspressiewe bewegings of patrone ritmies kan uitvoer deur verskeie stimuli te gebruik. |
| tegnologieLU 1 |
| TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDEDie leerder kan tegnologiese prosesse en vaardighede eties en met verantwoordelikheid toepas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.3 (**ontwerp**) – gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak te kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om ‘n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig;1.4 (**maak**) – hoe die produkte gemaak gaan word. |

**Table 3.2**

### 3.2.8 Memorandum

Die kinders sal ook die vlag, die leuse en ons nasionale embleme aan Zero verduidelik. Bespreek elke afdeling volledig en laat die kinders toe om hulle gedagtes vryelik uit te druk en ook vrae te vra. Hang ‘n landsvlag voor in die klas.

Kleure van die vlag:

Blou, rooi, groen, swart, wit,geel

Die betekenisse wat mees algemeen gegee word is: rooi – bloedvergieting; blou – oop hemel; groen – land; swart – swart mense; wit – wit mense; geel – ons natuurlike hulpbronne – goud.

## 3.3 ZERO ONTDEK[3]

### 3.3.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 3.3.2 Graad 2

### 3.3.3 BESOEK UIT DIE RUIMTE

### 3.3.4 Module 4

### 3.3.5 ZERO ONTDEK



**Figure 3.9**

Zero is so opgewonde oor ons mooi groen land. Hy wil baie graag van ons plante saam met hom na sy planeet neem. Dink jy die plante sal daar kan groei?

Bespreek in groepe:

- Is daar water op Mars?
- Dink julle die son sal daar skyn?
- Sal iemand op die planeet weet hoe om die plante te versorg?
- Het plante water nodig?

In julle groepe kan julle nou ‘n eksperiment beplan:

Onthou:

- Jy moet twee plante gebruik om jou eksperiment te kan vergelyk.
- Jy moet albei jou plante eenders behandel. Onthou net ons wil kyk of ‘n plant sonder water kan leef en hoe lank dit leef.
- Maak aantekeninge van wat jy waarneem.

### 3.3.6 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LU 3 |
| PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik en uit te leef om doeltreffend te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.5 groepwerkvaardighede identifiseer en konsekwent toepas. |
| NATUURWETENSKAPPELU 1 |
| WETENSKAPLIKE ONDERSOEKEDie leerder kan met vertroue reageer oor natuurverskynsels en kan verhoudinge ondersoek en probleme oplos in die wetenskaplike tegnologiese en omgewingskontekste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 beplan: ‘n ondersoek onafhanklik kan beplan;1.2 doen: onafhanklik of as deel van ‘n groep aan ‘n beplande aktiwiteit deelneem;1.3 evalueer: nadink oor wat gedoen is en sê wat uitgevind is. |

**Table 3.3**

### 3.3.7 Memorandum

Groepwerk: Bespreking – die leerders bespreek of hulle dink dit is moontlik dat die plante op die planeet Mars kan leef. Doen eksperiment.

In ‘n LO-les kan die kinders vir Zero wys hoe hulle dans. Hulle kan hulle eie musiek bring en hul danspassies demonstreer.

# Chapter 4

# Kwartaal 4

## 4.1 WOUDE[1]

### 4.1.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 4.1.2 Graad 2

### 4.1.3 BOME

### 4.1.4 Module 5

### 4.1.5 WOUDE

---




**Figure 4.1**

### 4.1.6 BOME

- Bome maak ‘n belangrike deel van ons omgewing uit. Ons het selfs ‘n spesiale dag vir hulle, naamlik Boomplantdag. Baie skole en ander instellings en organisasies plant bome om hierdie dag te vier. Hoekom het ons ‘n spesiale dag om aan bome te dink?
- Bome is baie nuttig vir die mens. Kyk na die prent en bespreek die baie maniere waarop ons bome kan benut.




**Figure 4.2**

- Hulle is nie net nuttig nie, maar maak ons aarde ook mooier.

### 4.1.7 Van hout tot papier

- Die produkte wat ons maak wat van bome kom, is gewoonlik van hout. Lees in julle groepe hoe ons dit regkry om ‘n boom se hout te gebruik om die papier te maak waarop jy skryf.

1. Wanneer die bome ‘n sekere grootte is, word dit gemerk om seker te maak dat daar nie verkeerde bome afgesaag word nie.
2. Die bome word op groot vragmotors gelaai en na die saagmeule vervoer.
3. Die bome se bas word afgestroop en in kleiner dele gesaag.
4. Die hout word fyngemaal en dan verpulp.
5. Die pulp word gebleik, uitgerol en gedroog. Die papier word nou in groot rolle opgerol.

- Honderde bome word afgekap om papier mee te maak. Elke keer wat ‘n boom afgekap word, moet daar weer ‘n boom in sy plek geplant word. Dit neem ongeveer sewe jaar vir ‘n boom om groot genoeg te word. Dit is hoekom dit so belangrik is dat al die bome nie tegelyk afgesaag moet word nie.
- Beantwoord die volgende vrae in julle groepe:

1. Waarom moet ons die bome versorg?

   1. Hoe kan ons die bome versorg?

- Teken die blokkies wat jy alles kan doen om jou bome te versorg.

Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERINGLU 3 |
| PERSOONLIKE ONTWIKKELINGDie leerder kan verworwe lewensvaardighede gebruik om persoonlike potensiaal te bereik en uit te leef om doeltreffend te reageer op uitdagings in die lewe. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.5 gepaste gedrag in die klas toon, sowel as groepwerkvaardighede. |
| EBWLU 2 |
| **EKONOMIESE SIKLUS**Die leerder kan kennis en begrip van die ekonomiese siklus in die konteks van ‘die ekonomiese probleem toon’. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 kan verduidelik dat behoeftes en begeertes onbeperk en veranderlik kan wees en deur maats, die media en die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste deur sakeondernemings beïnvloed word;1.3 pryse op verskillende soorte pryskaartjies en etikette kan lees en identifiseer;1.4 kleingeld bereken nadat eenvoudige goedere en dienste gekoop is;1.5 uitdrukking gee aan die belangrikheid van en maniere om geld en ander hulpbronne soos water en elektrisiteit te bespaar en nie te vermors nie. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| SOSIALE WETENSKAPAARDRYKSKUNDELU 1 |
| **AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK**Die leerder kan ondersoekvaardighede gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 beduidende kenmerke van plaaslike plekke identifiseer en beskryf [die vraag beantwoord]. |
| TEGNOLOGIELU1 |
| **TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDE**Die leerder is in staat om tegnologiese prosesse en vaardighede eties en verantwoordelik toe te pas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 (**Ondersoek**) – die hoofdoel van verskillende produkte kan beskryf;1.3 (**Ontwerp**) –gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om ‘n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig; |
| KUNS EN KULTUURLU 1 |
| **SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING**Die leerder kan werk skep, dit interpreteer en aanbied in elk van die verskillende kunsvorms – Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.9 (**Visuele Kuns**) – patrone uit die onmiddellike omgewing identifiseer en gebruik deur verskeie stowwe in georganiseerde reekse en gekombineerd te gebruik. |

**Table 4.1**

Memorandum

Neem die leerders na buite. Hulle moet kyk hoeveel bome daar in hulle omgewing is, na die verskillende soorte bome en vorms, asook na die tekstuur van die bome se blare. Die leerders moet die verskillende patrone op die blare ontdek en patrone met die blare ontwerp (K+K 1.8,1.9).

Leerders dramatiseer hoe ‘n boom groei vanaf ‘n klein saadjie tot ‘n groot boom. Moedig die leerders aan om stadig te beweeg en te wys hoe die boom sy takke stadig uitstoot. Probeer om dan bewegings te doen soos wanneer die wind deur die takke waai.

Kontrasteer bogenoemde rustige bewegings in die natuur met die geraas in ‘n houtfabriek, deur die leerders te laat dramatiseer hoe die masjiene die hout kap en saag, soos hulle in die gedeelte oor ‘n houtfabriek (‘Van hout tot papier’) sal lees (Uitdrukking en kommunikasie: K+K 4.4).

Laat die leerders op die voorblad van die module ‘n prentjie van ‘n plantasie teken. (Verduidelik eers aan hulle wat die verskil tussen ‘n plantasie en ‘n woud is).

**Historiese navorsing**: Die leerders moet deur middel van navorsing uitvind dat die idee van duur geskenke en pragtige geskenkpapier die gevolg van bemarking is. Hoewel ons nog altyd verjaarsdae gevier en eenvoudige geskenke gegee het, het die tye verander en het dit ‘n baie groter uitgawe geword as in die verlede. Dit geld ook vir Kersfees: waar kinders in die verlede tevrede was met vrugte en lekkers, word daar nou groter verwagtinge deur die media geskep. Valentynsdag is ‘n goeie voorbeeld daarvan.

Die besighede maak al die geld a.g.v. die mense se onbeperkte behoeftes en verwagtinge. Gewoonlik sal dit gereeld verander. Eindig met die vraag wat hulle dink hulle kinders eendag sal wil hê (EBW 1.2 ).

# 4.2 HERWINNING[2]

## 4.2.1 LEWENSVAARDIGHEDE

## 4.2.2 Graad 2

## 4.2.3 BOME

## 4.2.4 Module 5

## 4.2.5 HERWINNING

## 4.2.6 HERWINNING

- Een van die beste maniere om ons bome te bewaar is om betrokke te raak by die herwinning van papier.
- Die ou papier word weer verpulp en gewas en so word daar dan weer nuwe papier gemaak.

Bespreek met jou maats:

- Lê daar dalk baie papier by julle skool rond wat herwin kan word?
- Wat dink julle sal gebeur as niemand die papier gaan optel en verwyder nie?
- Wat kan julle doen om die situasie te verbeter?



**Figure 4.3**

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27843/1.1/>.

Begin om al die afvalpapier in jou klas te versamel. Kyk hoeveel jy kan versamel. Weeg die papier aan die einde van elke week. Voltooi ‘n grafiek om te bepaal hoeveel papier jy teen die einde van die maand versamel het. Kleur elke week se blokkies ‘n ander kleur in.

- In watter week het jy die meeste papier versamel?
- Jy kan maklik sakgeld maak of geld vir die skool insamel deur gereeld al die afvalpapier te versamel. Vra vir Juffrou om jou meer hiervan te vertel.

Onthou: elke keer wat jy papier spaar of herwinbare papier gebruik, help jy ons omgewing bewaar. Dink aan verskillende maniere waarop jy papier kan bespaar. Sommige idees is baie prakties. Partykeer is dit onmoontlik.

Bespreek dit in jou groep en besluit watter van die maniere wel vir julle moontlik is.




**Figure 4.4**

- Party mense maak baie spoggerige papier deur verskillende produkte te gebruik, soos verskillende grassoorte, blare en selfs olifantmis!
- Gewoonlik kan hulle nie so baie papier soos ‘n fabriek maak nie. Waarom dink jy is dit nie moontlik nie?

Dit kan ook baie duur wees om sulke spesiale papier te maak.

- Gaan kyk na al die verskillende pryse van papier in die verskillende winkels. Kyk ook na die verskillende soorte papier en vergelyk die pryse.

| Soort papier | Gebruik | Prys |
| --- | --- | --- |

**Table 4.2**

- Wat het jy opgemerk van die verskillende soorte papier?
- Hoe het die pryse van die verskillende soorte papier vergelyk?
- Aangesien dit nogal moeilik is om jou eie papier te maak, kan jy ook gewone papier versier en jou eie geskenkpapier ontwerp.
- Dink aan geleenthede waar daar geskenkpapier gebruik word, soos ‘n verjaarsdag, Kersfees, Valentynsdag, ensovoorts.
- Mense het nie altyd met spesiale geleenthede geskenke gegee nie. Indien hulle wel iets gegee het, was dit baie eenvoudig.

Vra vir jou ouers, asook vir Ouma en Oupa, wat hulle altyd gekry of vir ander gegee het.

Miskien kan jy dink aan ‘n nuwe geleentheid waar geskenke gegee kan word. Wat sal die geleentheid wees?

- Besluit vir watter geleentheid jy graag jou eie papier sal wil ontwerp.
- Skep jou eie ontwerp: (Maak van verskillende lyne en patrone gebruik).
- Jy kan jou papier aan familie en vriende verkoop. Kyk of hulle in jou produk sal belangstel.

1. Vind uit of hulle jou geskenkpapier sal koop.
2. Hoeveel gaan jou papier kos? Vind uit hoeveel hulle gewoonlik vir papier sal betaal.
3. Vra hoeveel hulle bereid is om te betaal.
4. Vra ten minste drie persone.

- Voltooi 'n tabel.
- Dink jy dit is moontlik om jou papier te verkoop?
- Hoeveel sal jy daarvoor vra?
- Daar word nie net papier van hout gemaak nie, maar daar is ook nog baie ander gebruike van hout. In die verlede is dit hoofsaaklik gebruik om jou warm te maak en baie huise is ook van hout gebou. Meeste van die meubels was ook net van hout gemaak. Nou word daar ook van ander materiaal gebruik gemaak om meubels te maak.
- Watter soort materiale word gebruik? Skryf 'n paar voorbeelde neer.
- Dink jy die meubels is nou beter?

### 4.2.7 Bestudeer 'n stoel

- Wat benodig ons om 'n stoel te maak?
- Dit moet gemaklik wees.
- Dit moenie kan breek nie.
- Wat is nog belangrik?Gaan sit op die verskillende stoele in jou huis.

- Waarvan is dit gemaak?
- Wat is hulle goeie eienskappe?
- Wat is hulle slegte eienskappe?
- Voltooi die tabel hieronder.

| Soort stoel | Materiaal | Goeie eienskappe | Slegte eienskappe |
|---|---|---|---|

**Table 4.3**

Teken of plak prente van verskillende stoele

### 4.2.8 Assessering

| EBWLU 2 |
|---|
| *continued on next page* |

| |
|---|
| **EKONOMIESE SIKLUS**Die leerder kan kennis en begrip van die ekonomiese siklus in die konteks van 'die ekonomiese probleem toon'. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 kan verduidelik dat behoeftes en begeertes onbeperk en veranderlik kan wees en deur maats, die media en die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste deur sakeondernemings beïnvloed word;1.3 pryse op verskillende soorte pryskaartjies en etikette kan lees en identifiseer;1.4 kleingeld bereken nadat eenvoudige goedere en dienste gekoop is;1.5 uitdrukking gee aan die belangrikheid van en maniere om geld en ander hulpbronne soos water en elektrisiteit te bespaar en nie te vermors nie. |
| SOSIALE WETENSKAPAARDRYKSKUNDELU 3 |
| **ONDERSOEK VAN VRAAGSTUKKE**Die leerder kan ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme neem. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 omgewingsvraagstukke op die plek waar die leerder woon of skoolgaan, identifiseer en beskryf;3.2 die faktore wat tot die probleem aanleiding gee, identifiseer (faktore wat die vraagstuk affekteer);3.3 die impak van die probleem op die plek en mense (huis, skool, plaaslike omgewing) identifiseer [faktore wat die vraagstuk affekteer]. |
| geskiedenisLU 1 |
| GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEKDie leerder kan ondersoek-vaardighede gebruik om die hede en verlede te ondersoek. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 inligting uit geskiedkundige bronne wat deur die onderwyser verskaf is (bv. prente, foto's voorwerpe, mense) verkry [werk met bronne]. |
| tegnologieLu 1 |
| **TEGNOLOGIESE PROSESSE EN VAARDIGHEDE**Die leerder is in staat om tegnologiese prosesse en vaardighede eties en verantwoordelik toe te pas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.3 (**Ontwerp**) –gepaste materiaal of stowwe om produkte te maak kan kies en maniere voorstel hoe dit gebruik kan word om 'n probleem, behoefte of geleentheid te bevredig;1.5 (**Maak**) – produkte veilig van verskillende materiale maak en gegewe stappe volg; |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| KUNS EN KULTUURLU 1 |
| **SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING**Die leerder kan werk skep, dit interpreteer en aanbied in elk van die verskillende kunsvorms – Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.8 (**Visuele Kuns**) – die onmiddellike omgewing ondersoek deur die elementêre funksies van lyn, vorm, kleur en kontras in twee- en driedimensionele werk te gebruik; |

**Table 4.4**

### 4.2.9 Memorandum

Die leerders moet verskillende besighede besoek om pryse te vergelyk. Hulle moet ook besef dat die pryse sal verskil as gevolg van die gehalte van die papier. Maak hulle ook daarvan bewus dat die prys van papier kan wissel as gevolg van die aanvraag daarvoor (EBW 1.2, 1.3).

In ‘n Wiskunde-les kan die pryse van die papier vergelyk word en ook bepaal word hoeveel kleingeld hulle moet kry as hulle ‘n sekere bedrag geld ontvang het (EBW 1.4 ).

Die leerders word daarvan bewus gemaak dat verskillende materiale verskillende gebruike het. Meubels is gewoonlik net van hout gemaak, maar nou word daar ook van plastiek en aluminium gebruik gemaak. Tuinstoele word van plastiek gemaak, want dit is lig en maklik om te dra en word ook maklik skoon gemaak. Leerders moet die verskillende stoele by hulle huise bestudeer. Hulle kan ook prente van verskillende stoele skool toe bring en dit bespreek. Bespreek waarvan die stoele gemaak is en wat die doel of gebruike van die stoel is (NW 1.2 ).

Indien enige van die produkte plaaslik vervaardig is, maak die leerders bewus daarvan (Aardrykskunde 1.2).

## 4.3 SADE[3]

### 4.3.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 4.3.2 Graad 2

### 4.3.3 BOME

### 4.3.4 Module 5

### 4.3.5 SADE



**Figure 4.5**

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27849/1.1/>.

### 4.3.6 SADE




**Figure 4.6**

- Ons het nou die verskillende sade bestudeer, maar wat het die sade nodig om te groei?
- Daar is drie belangrike dinge: sonlig, water en grond. Die soort grond is baie belangrik. Dink aan die sand op die strand of in die woestyn. Hoeveel plante kan in hierdie soort grond groei?
- Probeer die volgende eksperiment om te bepaal in watter grond 'n plant die beste sal groei.

1. Vul drie potte met verskillende soorte grond:
   - seesand of bousand;
   - los rooisand met 'n paar klippies in;
   - donkerbruin of swart grond (potplantgrond).

1. Probeer om plantjies wat maklik groei, in die hande te kry en plant dit in die verskillende potte.

1. Plaas dit in die sonlig en gee dit gereeld water.
2. Teken jou eksperiment.

Datum _ _ _ _ _ _ _ _

| Seesand / Bousand | Los rooi sand | Potplantgrond |
|---|---|---|

**Table 4.5**

Na een week - Datum _ _ _ _ _ _ _ _ _
Hoe lyk jou plante nou?

| Seesand / Bousand | Los rooi sand | Potplantgrond |
|---|---|---|

**Table 4.6**

### 4.3.7 Na die tweede week. Datum___________

| Seesand | Los rooi sand | Potplantgrond |
|---|---|---|

**Table 4.7**

#### 4.3.7.1 Watter plante het die beste gegroei?

- Waarom dink jy het dit die beste gegroei?
- As jy 'n wurm was, in watter grond sou jy verkies het om te bly? Sê waarom jy so sê.
- Kon die wind enige van die grond wegwaai? As jou plante nie in die wind was nie, probeer om die grond te blaas. Watter grond kan jy maklik wegblaas?
- Watter soort grond dink jy sal die boer op die plaas verkies.
- Soms sien ons gronderosie op ons plase.

- Dit beteken dat die grond weggewaai of weggespoel het en dat niks daar kan groei nie. Watter soort grond dink jy is dit?

#### 4.3.7.2 Assessment

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| natuurwetenskapLU1 |
| WETENSKAPLIKE ONDERSOEKEDie leerder kan met vertroue reageer oor natuurverskynsels en kan verhoudinge ondersoek en probleme oplos in die wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskontekste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 (**Beplan**) — 'n ondersoek onafhanklik kan beplan;1.2 (**Doen**) — onafhanklik of as deel van 'n groep aan 'n beplande aktiwiteit deelneem;1.3 (**Terugskou**) — wys en verduidelik wat bedoel was en hoe dit gedoen is. |
| kuns en kultuurLu 3 |
| DEELNAME EN SAMEWERKINGDie leerder kan persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan Kuns- en Kultuuraktiwiteite toon. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 (**Dans**) – vry en gemaklik deur ruimte binne- sowel as buitekant beweeg, terwyl hy/sy reageer op fisiese, verbale en klankseine waarop onderling ooreengekom is;3.4 (**Musiek**) – 'n ritme deur liggaamsperkussie uitbeeld of op 'n slaginstrument speel om liedjies wat saamgesing word, te begelei. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| kuns en kultuurLu 4 |
| UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIEDie leerder kan veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur ontleed en gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.4 (**Musiek**) – meganiese en natuurlike klanke naboots om byklanke te skep;4.5 (**Visuele kuns**) – patrone en teksture uit die onmiddellike en beboude omgewing ondersoek, ervaar en skeppend oordra. |

**Table 4.8**

#### 4.3.7.3 Memorandum

### 4.3.8 Vrugte van bome

Die meeste bome ontwikkel uit sade. Die bome dra vrugte en die saad is in die vrugte.

Soek voorbeelde van verskillende soorte vrugte wat aan bome groei. Kyk na die vorm en tekstuur van die verskillende vrugte. Sny hulle in die helfte deur en laat die leerders die vrugte en die sade teken. Vestig hulle aandag op die verskille in die sade en laat hulle dit in hulle tekeninge aandui (K+K 4.5).

Versamel die sade en laat dit droog word. Laat die leerders slaginstrumente daarvan maak, bv. deur dit in te ryg as ‘n rammelaar of dit in ‘n houer te sit en as skudinstrumente te gebruik. Hulle kan hulle eie patrone en ritme skep of daarmee die tyd uittik van musiek wat aan hulle voorgespeel word of van liedjies wat hulle saamsing. Hulle kan dit ook gebruik om geluide in die natuur of meganiese geluide (soos in die fabriek) na te boots (K+K 3.4; 4.4).

## 4.4 OPPAD SKOOLTOE[4]

### 4.4.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 4.4.2 Graad 2

### 4.4.3 REISE

### 4.4.4 Module 6

### 4.4.5 OPPAD SKOOLTOE

### 4.4.6 Oppad skool toe.

- Elke dag moet mense by hulle werk kom of jy en jou maats moet by die skool kom.

- Hoe kom jy by die skool?

- Wat gebeur alles langs die pad soos jy skool toe kom?

- Baie mense maak elke dag van dieselfde roete gebruik. Wat help ons om elke dag veilig by ons werk of by ons skool te kom?

- Padreëls is nie net vir voertuie nie, maar moet ook deur die voetgangers gehoorsaam word. Byna die helfte van die baie mense wat elke jaar op ons paaie in ongelukke gedood word, is voetgangers. Dit is baie belangrik dat voetgangers die padreëls ken en dit gehoorsaam.
- Skryf ‘n paar belangrike padreëls wat jy ken, neer. Kyk na die woorde tussen hakies om jou te help. (sypaadjie; regs; speel; randsteen)

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m27852/1.1/>.

- Wanneer jy skool toe kom, moet jy oplet watter padtekens daar langs die pad is om die voetgangers te help om veilig by hulle bestemming te kom.
- Watter padtekens het jy gesien? Teken dit.




**Figure 4.7**

- Waar is die veiligste plek vir 'n voetganger om 'n pad oor te steek? Teken 'n prentjie.




**Figure 4.8**

- Jy sal nie al die padreëls op 'n padteken langs die pad sien nie en daarom is dit belangrik dat jy die reëls moet ken.

1. Indien daar nie 'n voetoorgang naby is nie, is dit belangrik om die kortste roete oor die pad te neem.

Indien daar nie 'n sypaadjie langs die pad is nie, is dit baie belangrik dat jy sover as wat moontlik is regs van die pad moet stap. Dan is die motors wat van voor af kom aan jou kant van die pad.

3. Dra helder klere wat maklik sigbaar is.

Die padreëls maak dit veiliger om ons paaie te gebruik. Ons het orals reëls om ons lewe veiliger te maak. Ons ouers het reëls in ons huise om alles vir ons veiliger te maak. By die skool is daar ook reëls om ons lewe gesond en veilig te maak. Ons regering maak ook reëls vir al die mense in ons land.

- Dink aan die reëls in jou klas. Maak tekens vir die klaskamer om mekaar te herinner hoe om op te tree in die klas. Dink aan die padreëls wat jy gesien het en teken dit op dieselfde manier. Teken van hierdie reëls op groter plakkate en sit dit in die klas op.
- Jou skool moet 'n veilige plek wees waar jy kan werk en speel. Die reëls help om seker te maak dat almal weet wat om te doen. Soms word daar van ons verwag om dinge te doen wat nie in 'n reëlboek staan nie.
- Wat is alles verkeerd in hierdie kleedkamer?



**Figure 4.9**

- Bespreek die prente met jou juffrou.
- Bespreek in 'n groep oplossings vir die probleme.
- Wat kan jy doen om die ander leerders daaraan te herinner dat hulle die skool moet respekteer en oppas?
- Maak opskrifte en plakkate om leerders bewus te maak van hoe om die skoolgrond te versorg.
- Verbeel jou jy reis deur die land. Speel die speletjie om te sien hoe jy vorder. Jy sal 'n dobbelsteentjie nodig hê, of jy kan sommer 'n papierkubus maak en die kante 1 tot 6 nommer.





**Figure 4.10**

- Elke dag gee ons nog ‘n tree in ons lang reis. Watter reis is dit? Watter reis dink jy kan dit wees?
- Juffrou sal jou verder hiermee help.
- Ons reis deur die lewe kan baie moeilik wees. Ons moet onthou dat ons nie alleen reis nie. Ons vriende en familie reis saam met ons.
- Dink aan ‘n maat wat jy graag saam met jou op reis sal wil neem. Skryf sy/haar naam neer.
- Waarom dink jy sal die persoon die regte maat vir jou reis wees?

## 4.4.7 Die reis is lank en vervelig. Beantwoord die volgende vrae:

- Sal jou vriend met jou gesels of eerder verkies om ‘n boek te lees?
- Jy het net oninteressante en gesonde kos ingepak en jou vriend hou van heerlike en aangename versnaperinge. Wat sal jou vriend doen?
- Tydens jou reis moet jy by jou ma se ou vriendin stop en sy haat kinders. Sal jou vriend saam met jou gaan of belowe om jou na jou besoek iewers te ontmoet?
- Ons kan sê ‘n goeie vriend is , en .Dit is baie belangrik om reëls na te kom wat bedoel is om ons gesond te hou. Ons moet fiks bly en gesond eet. Om fiks te bly beteken dat ons ons spiere gereeld moet oefen.Dit is wonderlik om te sien wat ons liggaam alles kan doen.

Oefen in ‘n groep om te wys watter verskillende maniere julle liggame kan buig en draai. Maak ook verskillende bewegings vorentoe en agtertoe. Julle vertoning moet soos ‘n konsert wees waar die ander groepe vir julle kan kyk. Dink aan ‘n manier waarop julle die konsert kan aanbied sodat dit vir die ander groepe interessant sal wees om daarna te kyk.

- Kyk na die lys om seker te maak dat julle alles in julle vertoning ingesluit het.

| ITEMS | JA/NEE |
|---|---|
| ‘n Inleiding | |
| Draai- en swaaibewegings | |
| Vorentoe beweeg en op drie verskillende maniere | |
| Agtertoe beweeg op drie verskillende maniere | |
| Hoe om julle vertoning af te sluit | |

**Table 4.9**

Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| LEWENSORIËNTERINGLU 2 |
| **SOSIALE ONTWIKKELING**Die leerder kan begrip toon van en hom verbind tot grondwetlike regte en verantwoordelikhede, asook begrip toon van uiteenlopende kulture en godsdienste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.3 eienskappe van 'n goeie maat noem en redes daarvoor gee. |
| LU 4 |
| **FISIESE ONTWIKKELING EN BEWEGING**Die leerder kan begrip toon vir en deelneem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.2 deelneem aan aktiwiteite om beheer, koördinasie en balans te ontwikkel in die basiese aksies van beweging, elevasie en rotasie;4.3 ekspressiewe bewegings of patrone ritmies kan uitvoer deur verskeie stimuli te gebruik. |
| AARDRYKSKUNDELU 3 |
| VERKENNING VAN VRAAGSTUKKEDie leerder kan ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme neem. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 omgewingsvraagstukke op die plek waar die leerder woon of skoolgaan identifiseer en beskryf (die vraagstuk);3.2 die faktore wat tot die probleem of vraagstuk aanleiding gee, beskryf (faktore wat die vraagstuk affekteer);3.3 die uitwerking van die vraagstuk op die plek en op mense (huis, skool, omgewing) identifiseer (faktore wat die vraagstuk affekteer);3.4 voorstel wat gedoen kan word om die probleem op te los en die plek waar die leerder woon of skoolgaan, te verbeter (maak keuses). |
| NATUURWETENSKAPLU 1 |
| **WETENSKAPLIKE ONDERSOEK**Die leerder kan met vertroue reageer op nuuskierigheid oor natuurverskynsels en kan verhoudinge ondersoek en probleme oplos in wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskontekste. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 **Beplan**: 'n ondersoek as lid van 'n groep beplan;1.2 **Doen**: onafhanklik of as deel van 'n groep aan 'n beplande aktiwiteit deelneem;1.3 **Terugskou**: wys en verduidelik wat gedoen is en hoe dit gedoen is. |
| KUNS EN KULTUURLU 3 |
| **DEELNAME EN SAMEWERKING**Die leerder kan persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite toon. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 **Dans**: vrylik en met gemak deur ruimte beweeg, sowel binne as buite, terwyl afgespreekte fisieke, mondelinge en klankseine nagekom word. |
| LU 4 |
| **UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE**Die leerder kan veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur ontleed en gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.3 **Drama**: poppespel, geanimeerde klippe, mieliekoppe of ander voorwerpe in dramatiese spel gebruik om eie idees en gevoelens uit te druk;4.6 **Oorkoepelend**: praat oor wat hy/sy in die eie omgewing gesien en gehoor het wat vir hom/haar betekenisvol is. |

**Table 4.10**

### 4.4.8 Memorandum

- Ons maak in hierdie laaste module gebruik van 'n algemene tema oor reise om die verskillende assesseringstandaarde te dek. Ons lê elke dag verskillende klein reise af: skool toe, winkel toe, huis toe, ensovoorts, en moet elke keer die padtekens en verkeersreëls gehoorsaam. Hierdie reëls is bedoel om ons veiligheid te verseker, net soos die reëls by die skool. Ons reis deur elke skooldag word veilig gemaak deurdat ons die skoolreëls, wat te doen het met ons gesondheid en met dissipline, gehoorsaam.
- Ons reise kan ons ook na landelike gebiede neem, waar ons in aanraking kan kom met besoedelde water en die belangrikheid van skoon water.
- Selfs ons lewe kan gesien word as 'n reis. Ons vriendskappe en verhoudings met ander mense kan ons "reis" maak of breek. Ons kom dikwels probleme teë. Moedig die leerders aan om so 'n probleem in die gemeenskap te identifiseer en 'n oplossing daarvoor te probeer uitdink.
- Bespreek die maniere waarop die leerders by die skool kom. Lei die bespreking op so 'n wyse dat die leerders sal besef dat verkeersreëls bydra tot die veiligheid van die gebruikers van die paaie. Hulle moet ook besef dat voetgangers ook die paaie gebruik en dat ook hulle die verkeersreëls en padtekens moet gehoorsaam.

### 4.4.9

## 4.5 WATER[5]

### 4.5.1 LEWENSVAARDIGHEDE

### 4.5.2 Graad 2

### 4.5.3 REISE

### 4.5.4 Module 6

### 4.5.5 WATER

Hoekom moes jy terug beweeg nadat jy uit die stroom water gedrink het? Bespreek waarom dit verkeerd was.

### 4.5.6 Water

LEES DIE VOLGENDE GEDEELTE:

Water wat in ‘n stroom of rivier is, is nie altyd skoon nie. Daar kan baie redes wees waarom die water besoedel is. Indien dit naby ‘n klein dorpie is, kan dit maklik gebeur dat mense hulle wasgoed in die stroompies was of dat hulle die vuil water in die rivier gooi.

Wanneer dit dalk naby ‘n groot dorp of stad is, kan dit gebeur dat fabrieke hulle vuil water in die rivier pomp. Al is dit nie noodwendig mense wat die water besoedel nie, kan dit gebeur dat daar klein goggatjies en kieme in die water is.

Dink aan maniere hoe om die water veilig te maak om dit te kan drink. Skryf dit neer en bespreek die antwoorde met jou juffrou.

### 4.5.7 Ons suiwer die water

Water wat in ons krane is, is reeds gesuiwer, dus is dit veilig om dit te drink. Daar word chemikalieë bygevoeg om seker te maak dat kieme nie daarin kan leef nie. Water word gefiltreer. Dit is ‘n proses soos wanneer Mamma soms ‘n sif in die kombuis gebruik. Wat doen sy daarmee?

Juffrou sal vir jou ‘n houer met vuil water gee. Kyk of jy jou eie filtreerder kan maak om die water te suiwer. Wat sal jy gebruik? Maak ‘n lysie van al die apparaat wat jy gaan nodig hê en skryf dit neer.

- Wat gaan jy doen?
- Wat dink jy gaan gebeur?
- Teken jou eksperiment.
- Die verskillende lae sal voorkom dat die meeste van die vullis nie in jou houer beland nie. Hoewel die water skoner lyk, kan jy dit nie drink nie, want die kieme kan deur die filter glip.
- Hoe kan jy van die kieme ontslae raak?

Assessering

| Leeruitkomstes(LUs) |
| --- |
| *continued on next page* |

[5] This content is available online at <http://cnx.org/content/m27853/1.1/>.

| |
|---|
| LEWENSORIËNTERINGLU 1 |
| **BEVORDERING VAN GESONDHEID**Die leerder kan ingeligte besluite neem rakende persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 bronne van suiwer en onsuiwer water en eenvoudige watersuiweringsmetodes beskryf;1.2 maniere om die huis- en skoolomgewing gesonder te maak voorstel en ondersoek;1.4 padtekens wat vir voetgangers relevant is, identifiseer en die betekenis daarvan verduidelik. |
| EBWLU 1 |
| **EKONOMIESE KRINGLOOP**Die leerder kan kennis en begrip van die ekonomiese kringloop binne die konteks van "die ekonomiese probleem" toon. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.5 die belangrikheid van en maniere om geld en ander hulpbronne soos water en elektrisiteit te bespaar en nie te vermors nie, beskryf. |
| NATUURWETENSKAPLU 1 |
| **WETENSKAPLIKE ONDERSOEK**Die leerder kan met vertroue reageer op nuuskierigheid oor natuurverskynsels en kan verhoudinge ondersoek en probleme oplos in wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskontekste. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 **Beplan**: 'n ondersoek as lid van 'n groep beplan;1.2 **Doen**: onafhanklik of as deel van 'n groep aan 'n beplande aktiwiteit deelneem;1.3 **Terugskou**: wys en verduidelik wat gedoen is en hoe dit gedoen is. |
| KUNS EN KULTUURLU 4 |
| **UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE**Die leerder kan veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur ontleed en gebruik. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.3 **Drama**: poppespel, geanimeerde klippe, mieliekoppe of ander voorwerpe in dramatiese spel gebruik om eie idees en gevoelens uit te druk;4.6 **Oorkoepelend**: praat oor wat hy/sy in die eie omgewing gesien en gehoor het wat vir hom/haar betekenisvol is. |

**Table 4.11**

### 4.5.8 Memorandum

Beklemtoon die belangrikheid van water as 'n belangrike hulpbron (veral in 'n land soos Suid-Afrika waar ons dikwels droogtes het) en dat dit bespaar, en nie gemors nie, moet word. Bespreek ook nog 'n ander hulpbron wat ons soms as vanselfsprekend aanvaar, naamlik elektrisiteit. Hierdie hulpbronne moet met respek gebruik word net soos ons ook ons geld oordeelkundig gebruik.

- Vra die leerders om maniere te noem waarop water en elektrisiteit in hulle huise bespaar kan word. Herinner hulle daaraan dat hulle sodoende ook geld bespaar! (EBW 1.5).

- Laat die leerders ‘n slagspreuk probeer uitdink wat hulle daaraan sal herinner om nie te vermors nie. As hulle dus wil hê ander moet ook die kraan goed toedraai, moet hulle byvoorbeeld probeer om woorde te vind wat rym met “kraan” of “water”, soos “Draai toe die kraan, dit keer die traan” of “Skakel af die lig, dit is jou plig”.
- Verduidelik dat sommige mense ‘n ernstige gebrek aan water of lopende water het. Indien so ‘n probleem in u omgewing bestaan, kan u die taak wat in die aktiwiteit op p. 9 beskryf word, aan die leerders opdra. Indien dit nie die geval is nie, kan u probeer om ‘n ander omgewingskwessie in u gemeenskap te identifiseer. Dit kan te doen hê met die verkeer, besoedeling of iets anders waaraan die leerders blootgestel is.
- Die groepe kan ‘n dinkskrum hou oor die faktore wat tot hierdie probleem aanleiding gee. Gee elke groep ‘n groot vel papier sodat hulle ‘n lys van die probleem en sy oorsake kan maak. Dan moet hulle bepaal wie deur die probleem geraak word en ‘n oplossing voorstel.
- Hulle sal dus

1. ‘n probleem identifiseer;
2. ‘n lys maak van moontlike oorsake;
3. vasstel wie geraak word;
4. ‘n oplossing voorstel.

(AARD. 1.4; K&K 4-Oorkoepelend).

# Attributions

Collection: *Lewensvaardighede Graad 2*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/col11104/1.1/
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "MY FAMILIE"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27822/1.1/
Pages: 2-8
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "ONS TAKE BY DIE HUIS"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27826/1.1/
Pages: 9-15
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "VRIENDSKAP"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27829/1.1/
Pages: 18-26
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "GESONDE EETGEWOONTES"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27833/1.1/
Pages: 27-34
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "OORLEWING"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27834/1.1/
Pages: 35-38
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "VEILIGHEID"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27835/1.1/
Pages: 38-41
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "DIE PARK"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27836/1.1/
Pages: 42-47
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "ZERO BESOEK SUID-AFRIKA"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27837/1.1/
Pages: 50-57
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "SUID-AFRIKA SE SIMBOLE"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27838/1.1/
Pages: 58-61
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "ZERO ONTDEK"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27839/1.1/
Pages: 62-63
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "WOUDE"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27842/1.1/
Pages: 66-69
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "HERWINNING"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27843/1.1/
Pages: 70-74
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "SADE"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27849/1.1/
Pages: 75-78
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "OPPAD SKOOLTOE"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27852/1.1/
Pages: 78-84
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "WATER"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m27853/1.1/
Pages: 84-86
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

**About Connexions**

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.